



Mondstuk van die canolawerkgroep

Maart 2004 No 22

Suid-Kaap Canola Kompetisie 2003

Charl van Rooyen
Departement van Landbou: Wes-Kaap, Posbus 43, Caledon, 7230

Inleiding

Die organiseerders van die 2003 kompetisie se doelstellings was:

- Wenners met 'n saadopbrengs van bo 2 ton/ha.
- Vestiging van canola in die Suid-Kaap as wisselbougewas.
- Oplossings vir onkruidprobleme te vind.

Daar is geslaag met die eerste doelwit aangesien van die deelnemers meer as twee ton per hektaar gehaal het. Ons sê geluk aan D.C. Fourie, Koppies, JJB Gilomee, Flooikraal, Paul Neethling van Serjaensrivier & Peter Delport, Franskraal, wat opbrengste bo 2ton/ha gehaal het.

Dit kan nou met sekerheid gesê word dat canola gevestig is in die wisselboustelsels van die Suid-Kaap en dat dit 'n uitkoms bied vir die saaiboer wat sukkel met onkruidweerstand.

Die sukses met simasien by triasienbestande kultivars bied uitkoms aan die graanprodusent met raaigrasweerstandprobleme. Lande was steeds teen oestyd nog skoon en daar was geen probleme met opvolggewasse nie. Die verbouing van koring na canola werk, maar dit is egter belangrik dat die koring dan 'n laat kopbemesting van stikstof (N) moet kry om te voorkom dat die hoë opbrengs van koring na canola nie benadeel word as gevolg van lae proteïen nie.

Klimaat

Die jaar het begin met goeie vroeë reën en selfs in die oostelike dele is goeie reëns in Maart aangeteken. Die onderstaande tabel dui aan die hoeveelheid en verspreiding van reënval. Reënval gedurende Junie en Julie was minder gunstig en het 'n negatiewe invloed op plantegroei en plantestand gehad veral by die laat gesaaide canola. Alhoewel die laat reën in Augustus stand met oestyd ewe goed laat lyk het, was daar duidelik hoër chlorofiel% by die stande wat dunner was aan die begin.

Reënval in die Suid-Kaap vir 2003

Maand	Boontjieskraal	Serjaensrivier	Koppies	Franskraal
Maart	84.9	165.2	101	80
April	15.6	23.2	27	13
Mei	61.6	62.8	50	57
Junie	11.6	14.4	15	3
Julie	18.5	34.8	21.7	14
Augustus	137.4	160.8	129	144
September	29.2	48	37.5	28
Oktober	45.3	22.4	17	20
TOTAAL	404.1	531.6	398.2	359

Chlorofiel-inhoud het gewissel so tussen 1 en 12 %. Dit kom ooreen met wat in die buiteland gevind is. Dit is wenslik om die chlorofiel-inhoud voor oes te laat toets indien canola aanvanklik yl gevestig het en later kompenseer as gevolg van goeie reën. Indien die chlorofiel-inhoud te hoog is moet sodanige canola liefers vir voerdoeleindes gelwer word waar daar nie penalisasie vir hoë chlorofiel is nie.

Slak- en insekskade

Kolle met baie swak tot geen stande canola het veral teen die hellings by sommige produsente voorgekom. Daar is putvalle uitgeplaas op verskeie lokaliteite in die Caledon gebied om vas te stel watter organismes voorkom in gebiede met skade aan canola-stande.

Canola putvalle in Caledon

Plaas	Produsent	Beskrywing	Suiderbreedte	Oosterlengte
Witkop	Ters Maree	Damkamp	34°10,702	19°15,197
Ysbrandtskop	H. Schonfeldt	Proewe	34°14,425	19°34,559
		Onder strooi	34°14,425	19°34,559
Ysbrandtskop	Hein Human	Gesleep	34°14,179	19°34,529
		In strooi	34°14,179	19°34,529
Ysbrandtskop	Schonfeldt&H	James Milne	34°16,474	19°34,309
Herwin	P-J Delport	Proewe	34°07,142	19°29,439
Krige	Schonfeldt	Agter K se huis	34°12,599	19°35,295
Roodebloem	CRK	Proewe	34°14,188	19°31,839
		Grens	34°14.988	19°31,779
		Gebrand	34°14,018	19°32,000
Langhoogte	S.J. Le Roux	Gekrap/saai	34° 12' 46"	19°16' 16"

Vangste in die putvalle het aangedui dat daar wel 'n verskeidenheid van organismes teenwoordig is. Die probleemorganismes wat egter by al die persele voorgekom het gedurende die seisoen was naakslakke, koffiepitte en "krimpvrakies" (Isopoda). Daardeur wil nie te kenne gegee word dat ander insekte of faktore nie ook kon bygedra het tot die probleem nie maar wel dat al bogenoemde enkel of gesamentlik deel was van die kolle wat

enekele produsente in canola-lande ondervind het. Die vangste in die putvalle het gelei tot ander sienings van die probleem. Ondersoeke het voorts aan die lig gebring dat die “krimpvrakies”, wat primêre ontbinders is en in die verlede van blaam onthef is, die grootste skade in veral lupiene veroorsaak het deurdat hulle die ontkiemende saad sowel as die jong plantjies opvreet. Daar is ook gekyk na kewers, want verskeie tipes is in die putvalle gevang.

Die vangste van naakslakke (doplose slakke) het gelei tot ‘n ondersoek deur Dr. W. Sirgel van die Universiteit Stellenbosch. Hy het drie verskillende spesies geïdentifiseer wat bekend is dat hulle skade aan landbougewasse aanrig. Die afgelope paar jaar was daar telkens canola en lupien lande wat nie goeie stande gelewer het nie. Die probleme is eers toegeskryf aan verkeerde saaitegnieke, swak saad en ‘n menigte ander moontlikhede. Vanaf April is putvalle op Roodebloem en nog tien ander lokaliteite in die CRK-gebied uitgeplaas. Daar is verskeie insekte asook drie slakspesies gevang. Die putvalle in lupienlande het duidelik meer koffiepitte en isopoda “krimpvrakies” gevang as by ander gewasse. Koffiepitte is toe na die glashuis geneem om vas te stel of hulle wel lewende plante vreet. Dit was duidelik dat koffiepitte canola in die glashuis uitroei. Die slakspesies wat gevang is, is almal uitheemse spesies nl. **Milax gagates**, **Deroceras reticulatum** en **Deroceras panormitanum**. Hierdie slakke is gevang in putvalle op die tien lokaliteite vanaf April tot 3 November. Dit is duidelik dat naakslakke in groepe saambeweeg en nie elke nag wei nie. Daar is twee slakpille getoets, metaldehyd en metiokarb. Beide middels het slakke gedood. Onthou dat slakpille slegs 50% van die populasie kan dood.

Die beste beheermetode vir slakke is ‘n aanpassing in verbouingspraktyke. Ideaal sou wees dat die canolaland diep gewerk word. Dit kan ‘n saaioperasie wees met ‘n planter waar die mespunt vervang word met ‘n breër skaar vir die canola-, lupien- of medicland. Die grond moet versteur word tot verkieslik 300 mm diep. Daarna moet alle groen materiaal op die land doodgespuit word tot saaityd. Die toediening van slakpille moet geskied direk na saai/plant. Toediening van slakpille wanneer daar groen vreetbare materiaal op land is, werk nie. Slakke verkies groenmateriaal bo slakpille. Slakke word slegs verlam deur die slakpille en brand die son hulle dood aangesien hulle nie in die koelte kan skuil nie. Indien daar genoeg plante is waar onder hulle kan skuil kan die slak d.m.v. slymafskeiding homself ontgif. Die slakke wat in die Suid-Kaap gevang is se kleur was aansienlik donkerder as wat die foto’s toon.

Deroceras panormitanum	Milax gagates	Deroceras reticulatum
		

Swartmieliekewer	Groentesnuitkewer	Isopoda (Krimpvarkie)
		
Koffiepitkewer	Grondkewer	Swartmieliekewerlarwe
		

Bronne: J.M. Laubscher Elsenburg, Canola council of Canada & NDSU Extension Service

Swartstam probleme

Dit het gedurende die seisoen gesneeu in die middel Rûens en groot dele van die canola aanplantings het gaan lê. Die meeste cultivars het weer orent gekom maar by verskeie lande was dit die begin van swartstam. Heelwat deelnemers wat 2ton/ha verwag het, is uiters teleurgesteld. Daar is gevalle waar produsente so min as 850kg/ha geoes het terwyl die grootste deel van die oes op die grond lê. Lande met ernstige swartstam besmetting het voorgekom en daar moet nou aksies geneem word om dit te voorkom.

Volgens literatuur is daar 2 tipes swartstam wat voorkom. Die eerste is 'n matige besmetting wat gewoonlik laat in die seisoen plaasvind en oppervlakige letsels op die stam veroorsaak en selde oesverlies tot gevolg het. Die aggresiewe tipe kan reeds tydens ontkieming die plant infekteer of op enige later stadium. Die tipe veroorsaak erge stamkankers en omval van plante. Kultivar proewe in Suid Australië se data (D.V. Phillips & D. Spradlin 2001) dui op groot verskille (7 – 90%) in besmetting. Produsente moet hulle laat lei deur die resultate van kultivars in hul omgewing oor die afgelope tyd en seker maak dat 'n kultivar gekies word met lae swartstam risiko in die praktyk en nie net op papier nie. Kies kultivars met 'n "horisontale" of veld weerstand en nie enkelgeen weerstand soos die sylvestrisgeen weerstand nie. Produsente kan onafhanklike adviseurs by die landboubesighede nader indien hulle nog twyfel oor saadbestellings vir 2004.



Swartstam verwoes canola

Bemesting

Grondontledings van die 2003 kompetisie dui aan dat die swaelinhoud van gronde steeds 'n probleem bly. Slegs 20% van die deelnemers se swael-inhoude van die kampe was aanvaarbaar (7-12mg/kg). Die hoë swaelbehoefte van canola moet in aggeneem word in die voorsaaï bemestingbesluite en veral met die kopbemesting 30 dae na opkoms is aanvulling van tekorte belangrik. Deelnemers in die kompetisie het gemiddeld 10-15kg S toegedien en dit moet volgens 2002 & 2003 se ontledings 15 – 20kg/ha gewees het. Maak seker dat die boodskap by die bemestingsadviseur uitkom. Die produsente wat vloeibare kunsmis aanwend kan swael laat inmeng, dis veral vloeibare P wat min tot geen swael bevat.

Uit verskeie plaasbesoeke was dit weereens duidelik dat canola wat vroeg gesaai is die beste gevaar het. Die eerste stikstofkopbemesting asook swaelaanvulling moet ongeveer 30 dae na opkoms geskied sodat sterk plante gevorm kan word wat gelyk blom en rypword. Dit vergemaklik platsny en verminder die risiko van groen pitte in die monster.

Die riglyne van die Canola-werkgroep beveel 'n pH van 5.5 of hoër aan. Slegs 40 % van die deelnemers het hierdie regstelling korrek gemaak. In 'n wisselboustelsel waar gars en peulplant weiding voorkom kan die pH beslis nie toegelaat word om tot so laag

as 4.8 te val nie. Die pH bepaal die opname van alle voedingstowwe en moet eerste reggestel word. Dit help nie om blaarbespuitings te gee met allerhande stimulant as die basis van bemesting nie reggestel is nie.

Die fosfaatstatus van die gronde was by 80% van die deelnemers 36 dpm of hoër en selfs die laagste ontleding was nie uiters laag nie. Bemesting met fosfaat word duidelik nie afgeskeep nie. Op die skalie gronde is daar geen kalium gebreke gevind nie. Die koolstofinhoud van die gronde was gemiddeld 2.11%. Dit dui op minimum bewerking wat slaag in 'n wisselboustelsel met verskeie plantmetodes.

PRODUKSIEKOSTE VAN DEELNEMERS

Gemiddelde syfers per hektaar van sewe deelnemers	
<i>Bruto Produkwaarde</i>	3318
<i>Direk toedeelbare uitgawes</i>	
Saad	150
Bemesting	759
Onkruidbeheer	223
Swam - en insektebeheer	85
Bewerking	329
Diverse uitgawes	78
Rente op produksiekoste	119
Totale direk toedeelbare koste	1823
Marge na direk toedeelbare koste	1495
Marge na direk toedeelbare koste/ton	713
Nie direk toedeelbare koste	553
TOTALE KOSTE/HA	2376
Marge na gespesifiseerde koste $\pm$ 1.9 ton/ha	942

Produksiekoste vir 'n spesifieke kamp canola kan nie gebruik word om 'n algemene koste van canola te bereken nie. Die kostes is slegs 'n aanduiding van wat op 'n spesifieke kamp vir een jaar gebeur het. Sekere deelnemers het hoë bemestingsbehoefte gehad a.g.v. die geskiedenis van die kamp, soos bv lae pH, lae fosfaat of lae swael. Regstellings kan dan ook gemaak word slegs vir die canola jaar of vir die langtermyn. Die canola mag opgevolg word deur koring met lusern wat ondergesaai word. In so 'n geval kan kalk en fosfaat aangevul word om die leeftyd van die lusern te hou. Die deelnemer mag ook besluit om die kamp se P-status te verhoog en al hierdie faktore mag die koste so deur die onderstaande syfers beïnvloed. Kampe met hoë P-vlakke sal dus beter (hoër marges) realiseer.

Die bestaande meganisasieuitleg op elke plaas verskil en sekere skaalvoordele en saaimetodes, veral in die oorgangsfase waarin meeste Ruensprodusente verkeer mag goedkoper of duurder syfers tot gevolg hê.

Die brutoprodukwaarde van R3318 verteenwoordig 'n gemiddelde opbrengs van ongeveer 1.9 ton/ha vir die boonste sewe deelnemers van die kompetisie. Dit is 'n uitstekende prestasie en die canolaprodusente kan voorentoe net beter doen.

Wenners

Dit is dan vir my aangenaam om mnr D.C. Fourie van Koppies as 2003 se wenner van die hoogste opbrengs aan te kondig, met mnr JJB Gilomee van Vlooiakraal as naaswenner.

Die wenner van die beste brutomarge skild is mnr Peter Delport van Franskraal met mnr D.C. Fourie van Koppies in die tweede plek.

Alhoewel hy nie deelgeneem het aan die kompetisie nie wil ek mnr D de Kock van Quarry gelukwens met sy hoë opbrengs van 2.9 to/hawat hy behaal het.

Bedankings

Hiermee net dank aan die medewerkers vir die ondersteuning vir die 2003 kompetisie:

Pierre Laubscher BNK
Johan Lusse CRK
Jannie Bruwer SSK
Pieter Plaatjies Dept. Landbou Wes-Kaap
Carel le Roux Roodebloem (CRK)

Dis aangenaam om met 'n sterk span manne die canola-bedryf verder te neem. Voorts ook dank aan die manne van die chemiese en kunsmisbedrywe wat met ywer canola bemark het in die Suid-Kaap. My persoonlike dank aan die saadhandelaars vir hul entusiasme om die bedryf te ondersteun op alle vlakke. Aan die kopers van canola kan ek net sê dat die goeie verhouding wat daar heers in die bedryf hoog op prys gestel word. Mag 2004 groot winste inhou vir alle rolspelers in die canola bedryf.

Navrae: Hoofdirektoraat Landbou:WK, Privaatsak X1 Elsenburg 7607 ,Tel 8085111.

Redaksie: HJC Agenbag DJ Hanekom Dr N Kotze

Geborg deur die Proteïennavorsingstigting